MIDSTREAM RIDGE
EXCELLENTIA

# RAKKER

Respek / Respect
Authentic / Oorspronklik
Kreatief / Creative
Kommunikasie / Communication
Entoesiasme / Enthusiastic
Responsibility / Verantwoordelikheid

> "Mag jou keuses jou hoop weerspieël, nie jou vrese nie"

# Uit die Hoof se Kantoor

Beste Ouers

Een van die geheime van 'n gelukkige lewe is dankbaarheid. As ons dit kan regkry om met dankbaarheid te leef, verander dit die wêreld vir ons. Só begin ons verby die dinge kyk wat die lewe vir ons moeilik maak, en sien ons die seën wat ons het, raak. Dankbaarheid word 'n realiteit in ons lewe as ons besef dat alles wat ons het, 'n geskenk van God is. Om te kan glo – is 'n geskenk. Om te kan skoolgaan – is 'n geskenk. Wonderlike ouers en leerders – is 'n geskenk. Laat dankbaarheid ons inspireer om uit geloof te leef.

Ons bid die Theron-gesin vertroosting toe met die onverwagse afsterwe van hul pappa. Juffrou Sashi Theron het as gereelde aflosjuffrou diep in ons harte gekruip. Ons innige medelye aan haar en haar kinders.

Leerders is welkom om somers- en wintersdrag tot verdere kennisgewing af te wissel.

## INLIGTING

### HELP ASB!!

### ONTVANGS

Na afloop van ons aanvanklike versoek, het oproepe aan ouers deur leerders (oor items wat vergeet is) goed afgeneem. Ongelukkig het ontvangs / tannie Vera in 'n PUDO-stasie verander. Ons versoek ouers vriendelik, tog dringend om tannie Vera en ontvangs te respekteer. Beplan en organiseer u huishouding asseblief sodat "aflewerings" na leerders en oproepe beperk kan word.

By voorbaat dankie vir u samewerking.

[Mei & Junie 2024]

[BLGG Studiemetodes]

### UNIFORMWINKEL

Neem asseblief kennis van die nuwe kontaknommers vir die klerewinkel:
064 937 0551 Whatsapp en oproepe
065 073 8027 Slegs oproepe

# CULTIVARIA

Dit is wonderlik om 'n groot aantal leerders aan die verskeidenheid aktiwiteite van ons jaarlikse Kultuurfees - *Cultivaria* - te sien deelneem. Dankie aan elke leerder wat getrou opdaag en met oorgawe deelneem. 'n Spesiale woord van dank aan juffrou Bregitta van Wyk (hooforganiseerder) en elke onderwyser wat baie moeite met elke aktiwiteit doen. Geniet die res van die *Cultivaria.*













